# Unieke Uitreik na Gevangenes

Kom help ons om 'n verskil te maak in die lewe van langtermyn-gevangenes. U kan meehelp om hul geestelike lewe te verryk en 'n nuwe toekoms vir hulle te ontsluit! Ons droom dat hierdie mense ook soos Josef vanuit die tronk kan stap en deur God se genade 'n nuwe begin kan maak waarby hul familie en vriende kan baat!

Hier is 'n unieke geleentheid waaraan u kan deelneem. 'n *Nehemia*-dosent bied weekliks die *Nehemia-kursus* aan vir langtermyn-gevangenes in die Potchefstroomse Korrektiewe Dienste. (Die *Nehemia*-materiaal leer Christene hoe om die Evangelie uit te dra en hoe om self 'n evangelis te word wat 'n kerk kan plant.) Die dosente het die nodige toestemming verkry om onderrig aan langtermyn-gevangenes in Potchefstroom se Korrektiewe Dienste aan te bied. Hulle bied hul dienste gratis aan.

Die Kursus is interkerklik en bedoel vir Christene van enige denominasie wat hul opleiding wil verbeter. Daar is verskeie Christene in die gevangenis wat smag om hul lewe en hul toekoms te verbeter en iets positiefs vir die gemeenskap te beteken wanneer hulle termyn eendag uitgedien is. Verskeie kursusgangers het na die aanvang van die Kursus 'n radikale lewensverandering begin toon en getuig met vreugde van nuwe sin en betekenis van hul lewe. Studente wat na ander sentrums verplaas word sit die Kursus steeds voort.

U kan help om hierdie mense weer sin en betekenis in die lewe te gee. Daar is niemand wat die rowwe wêreld daar buite so goed verstaan en só effektief kan bedien, as diegene wat voorheen deel daarvan was nie! Jesus Christus leer ons boonop dat God sal oplet na die wyse waarop ons mekaar in liefde gehelp het. Hy sê: *"Ek was in die tronk, en julle het My besoek… Dan sal die wat die wil van God gedoen het vra… Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek? En die Koning sal hulle antwoord: Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen."*

Die *Nehemia*-kursusmateriaal kos R50 per maand. Wil u nie oorweeg om 'n student vir twee jaar teen R50 per maand te borg nie? U kan selfs vir u student skryf en bid. Dink net watter verskil u in die heropbou van ons land, en die heropbou van gebroke lewens kan maak! (Dankie aan diegene wat reeds bydra!) Ons glo sommige van hierdie mense sal eendag 'n evangelis word wat weer baie ander sal bedien!

**Rig navrae aan:**
sending@ngkmiederpark.co.za of Tel. 018 294 6900 (vm.). Bankbesonderhede: Naam van Rek: Miederpark Sending, Tjekrek. no. 405 041 9146, ABSA Potchefstroom, Takkode: 632005. (Verwys met u inbetaling: Tronk, gevolg deur u voorletter en van).

# UITNODIGING:

## Word deel van WB-Sokker Evangelisasie

**Met die oog op die uitdra van die Evangelie tydens en na afloop van die WB-Sokkertoernooi, word 'n TUG (*The Ultimate Goal*) Kliniek in Potchefstroom op Vrydag en Saterdag 16 - 17 April 2010 vir die publiek aangebied.**

*Ds. Willem Louw, koördineerder van TUG in Potchefstroom, sê: "Ons glo die 'goal' wat 'n blywende verskil gaan maak, is nie die doelskop in die doelhok nie, maar die doel om mense aan hul Verlosser en nuwe lewenswaardes bekend te stel.*

*"Langs hierdie weg wil ek graag alle Potchefstromers (interkerklik en interkultureel) uitnooi om uself te kom toerus om deur middel van sokker en kinderspeletjies die Evangelie tydens die WB-sokkertoernooi uit te dra! Mnr. Mandela het in 1995 die Springbok-rugbytrui aangetrek en daardeur gewys hoe 'n hele land saamgesnoer kan word deur sport. Vandag is dit ons beurt, en daarom sal ek (al is ek 'n Stormer- en Luiperd-ondersteuner!) 'n Bafana-Bafana-trui aantrek om my medemense en my land te ondersteun! Die Kerk van Jesus wil graag in hierdie tyd in die markplein diensbaar wees en die geleentheid aangryp om 'n verskil in duisende kinders en volwassenes se lewe te maak! Ons nooi u om vanjaar oor grense te beweeg. Al het u dalk nog nooit daarvoor kans gesien nie, nou is dit die geleentheid om saam met ander uit te reik na u medemens!"*

'n Reuse toerustingskliniek word onder die vaandel van TUG (*The Ultimate Goal*) op 16 - 17 April 2010 aangebied by die NG Kerk Miederpark (Aarbeilaan 22) in Potchefstroom as deel van 'n nasionale projek. In Potchefstroom werk verskeie kerke, die NWU-sokker, en TUG saam. Die klinieke wil u toerus om 'n verskil in u omgewing te maak. By hierdie geleentheid word twee afsonderlike klinieke aangebied:

- KLINIEK EEN: Ons nooi hoërskoolkinders, studente, jongmense en ouer mense met 'n hart vir kinders uit. Ons wil u toerus om deur eenvoudige speletjies met kinders te speel, die Evangelie speel-speel te kan uitdra! Hierdie toerusting (*Global Community Games*) kan in strate, jeugkampe, korttermyn-uitreike, vakansies, ens. altyd nuttig gebruik word vir die res van jou lewe! Moenie die geleentheid misloop nie! Ons gaan verseker ook geleenthede skep om voor, tydens en na die wêreldbekerwedstryde die Evangelie speel-speel in Potchefstroom en Ikageng uit te dra!
- KLINIEK TWEE: Ons nooi almal wat sokkerafrigters en voornemende afrigters is, om deur die Ubabalo Program te leer hoe om op eenvoudige informele wyse tydens u afrigtingsessies ongeveer 220 lewenswaarhede aan u sokkerspelers (van voorskool tot naskool op senior vlak) oor te dra. Dit is 'n lewensverrykende Kursus wat u die res van u lewe kan gebruik! Moenie die geleentheid misloop nie! Die koste van die hele naweek se opleiding is slegs R50 per persoon. Die Klinieke begin op Vrydagmiddag 16 April om 14:00 (registrasie vanaf 13:00) en duur tot Saterdagaand 17 April om 21:00. Koste sluit 'n gratis pakket toerustingsmateriaal (ter waarde van R35), etes, tee en koffie in. U kan self sien dat hierdie Kursus geweldig gesubsidieer word! As u nie die geld het nie en dit graag wil bywoon, kan u inskryf en vir ondersteuning vra!

Ons glo die Here sal mense wat 'n hart het vir die uitdra van die Evangelie, opwek om ons te ondersteun met donasies en gebed sodat ons die wat dit nie kan bekostig nie, maar tog die Kursus wil bywoon, kan help! Moenie wegbly nie, kom net. Die Here sal voorsien! Ons gaan niemand wegwys nie.

As u die Kliniek wil bywoon, kan u registreer tot 'n dag voor die Kliniek begin. Stuur asb. u besonderhede (naam, van, selfoon, e-pos, die Klinieknommer wat u wil bywoon, tesame met bewys van u inbetaling) na ons Sendingkantoor (Faks: 018 294 3900, of e-pos na: mmm@ngkmiederpark.co.za) of besoek ons by NG Kerk Miederpark in Aarbeilaan, Potchefstroom. (Inskrywingsvorms is ook op die web beskikbaar by www.ngkmiederpark.co.za). Betaal donasies of registrasiegeld in by: ABSA, Miederpark Sending, bankrekeningno. 4050 419146 en plaas as verwysing TUG (gevolg deur u voorletters en van). Navrae gedurende weeksdae (vm.) kan gedoen word by 018 294 6900.

### Kan die Here iemand soos ek liefhê?

As jy lees hoe God mense help, en hul lewens totaal verander, het jy al ooit gewonder... Kan dit ook met my gebeur?

**Die Woord van God sê:** *"Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie. Niemand nie!"* (Lees Rom. 10:9-13).

*"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word."*

**Hier is 'n gebed wat jy kan bid:**

"Here Jesus, ek het U nou baie nodig. Ek het berou oor al my sondes. Vergewe asseblief al my sondes. Ek maak nou die deur van my hart oop en nooi U in as my Verlosser. Ek ontvang U as die Here van my lewe. Neem nou beheer van my lewe. Maak my die mens wat U my met U skepping bedoel het om te wees. Dankie Here! Amen.

**Jesus sê:** *"Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binnenste vloei"* (Joh.7:38).

### As 'n volgende stap:

**(Indien u bostaande gebed gebid het, merk die blokkies):**

- ☐ Ek het hierdie gebed gebid.

**Stuur asseblief vir my:**

- ☐ Gratis Bybelstudiemateriaal
- ☐ Inligting oor 'n kerk wat my kan help
- ☐ Ek het 'n probleem (sien aangehegte brief)

**Vul asseblief onderstaande in duidelike drukskrif in:**

Naam en Van: ____________

Posadres: ____________

Telefoonnommer: ____________

Ouderdom en beroep (dit help): ____________

**Versend na:** Bybelskool, Posbus 70344, Miederpark, 2527.
**Of faks na:** 018 294 3900